Nomades Nuusbrief April 2012

Suikerbosrand Natuurreservaat 15-16 April 2012

7 stappers het die 1 nag/2 dag staproete in die Suikerbosrand natuurreservaat net wes van Heidelberg meegedoen. Ons het Saterdag oggend in drie motors aangekom by die Diepkloof inligtingssentrum waar ons die motors gelaat het. Nie baie indrukwekkend nie en maar redelik verwaarloos. Ons kon wel ons R20 per persoon toegang tot die reservaat (vir beide dae) en die R20 per persoon vir die een nag en die R10 per motor daar betaal. 7 van ons in 3 motors het dus hele R310 gekos vir 2 dae se stap.

Ons het eers die sowat 4.7 Km geloop met ons rugsakke na die Springbokhut waar ons dan ook oornag het en die rugsakke daar gelaat. Aangesien meeste van die oostelike dele van die reservaat se roetes nie meer in stand gehou word nie, klaarblyklik agv te veel vandalisme met die plakkerskampe daarnaby kon ons nie loop of slaap by die Hartbees of Steenbok hutte nie. Ons het wel 'n sowat 10 km lussie geloop in die rigting van die Eland hut en weer terug na die Springbokhut.
Die hut is baie ruim met 12 ENKEL beddens in 2 kamers , lekker matrasse en genoeg pakplek. In die kombuis area is ook nog slaapplek vir sowat 4 persone.

Daar is 'n buitebraai onder 'n gesellige afdakkie en jy kan vooraf hout koop teen R15 per sak wat dan by die hut vir jou afgelewer word. Die badkamer het 'n kouewater stort, kouewater wasbak en basies 'n long-drop. Geen elektrisiteit nie, maar met die groot emmers en ketel het ons lekker warm warm op die vuur gemaak vir was en koffie doeleindes. Sondag het ons via die Blesbok hut die sowat 10km teruggeloop na die Diepkloof terein na 'n redelike veeleisende terugstappe met genoeg opdraandes so deur die mooi golwende grasvlaktes (en heuwels) van die reservaat. 'n Lekker naby roete wat ons kan aanbeveel. Dankie Wilna vir die druk en uitsny van die mooi kleurkaarte.

Marius Stander, Wilna Horn, Magda van Aswegen, Phrina Oosthuizen, Anna-Marie Lotter, Wilna Moolman en Christo Vlok het saamgestap.

Drakensberg – Amphitheater Backpackers en dagstappe in Koninklike Natalse NaSionale Park.

Vrydag 27 April tot Dinsdag 1 Mei 2012.
Saterdag het die hele groep sowat 14 Km retoer gestap in die Tugela kloof in die Koninklike Nasionale park, 'n redelike konstante styging, deur die voetheuwels en kloof-woude van die berg, tot by die klein kettingleertjie en die 'tonnel' na die laate entjie in die rivierbed oor die klippe.
Sondag leeg gelê, gekuier, rondgery en die spiere laat rus.

Maandag het ons weer ingery in die KNNP in en die 3 watervalle roete kombinasie geloop. Geparkeer net onder die Mahai tent/karavaan terrein waar ons sou kampeer en die Tigervalle/Gudu Bos/Onder die Mudslides deur/langs die Faerieglen woud verby en sommighe het toe nog gaan kyk hoe lyk die Sunday falls so op 'n Maandag.



Die volle roete was net oor die 15 km die dag. Daar was 3 kere opsies om dit korter te maak na die kar-park wat sommige persone geneem het.
Dinsdag het almal rustig opgepak en die lang pad, sowat 400km terug aangepak oor die Oliviershoekpas, verby die Sterkfonteindam, deur die stop-ry van sowat 6 en 5 km en Harrismith na Pretoria en omgewing. Ongelooflike mooi berge gesien, goeie weer en sommer net 'n lekker naweek. Woorde kan nie die Mooi van die berg beskryf nie, gaan gerus self en ervaar die Wonder en die magtige grootsheid van die berg wat mens sommer weer laat klein voel en naby aan jou Skepper laat voel.



23 Stappers/Kampers was daar : Wilna en Christo;Erika en Carolien; Jannes en Irma; PaulM en Silvia dJ; Ester, Cornea en Annetjie; Paul en Christie Snyman; Jan, Corrie en Marlene du Preez, Wouter, Renee, Clarice, Tiffany Crous en Kaylee en Jamian. Die meeste in kamers, maar 4 persone het ook ge-tent.

Finansies.

Op 2 Maart dra ek R15,000 oor vanaf Absa na Standard vir werk's kapitaal, Standardbank staan nou op R 15605.00. Op 20 Maart word 'n Finale R40,000 oorbetaal uit ABSA aan Hendrik vir items wat hy betaal het die afgelope paar jaar. Op 5 April is die ABSA bankrekenig finaal gesluit en die finale ABSA saldo van R1511.03 is per ABSA banktjek inbetaal in die Standardbank rekening.

Op 2 Mei 2012 staan ons Standardbank saldo op R8377.28 wat insluit dat ons reeds 50% deposito vir 6 persone vir Suikerboshfotein aan Jacana betaal het (R835), Amphitheater is 100% afgehandel, Strandloper is volledig betaal (R7200) vir 12 mense en 50% vir 12 persone is reeds oorbetaal aan Jacana vir Stamvrug op 4 April (R1375).

Nomades Finansies Desember 2011 tot op 2012/05/02

	Jan 2012	Feb 2012	Maa 2012	Apr 2012	Mei 2012	Jun 2012	Totaal 2012
Ledegelde	R 340.00	R 740.00	R 840.00	R 120.00	R 120.00		R 2,160.00
Roetegelde	R 2,200.00	R 10,990.00	R 14,270.00	R 1,280.00			R 28,740.00
Rente	R 0.00	R 0.00	R 3.91	R 7.24			R 11.15
Ander							R 0.00
Inkomste :	**R 2,540.00**	R 11,730.00	R 15,113.91	R 1,407.24	R 120.00	R 0.00	R 30,911.15
Roetes	???	???	R 22,120.00	R 2,590.00	R 300.00		R 25,010.00
Besprekingsfooie	???	???	R 110.00	R 55.00			R 165.00
Klubaande(Bib)	R 80.00	R 80.00	R 80.00	R 80.00			R 320.00
Verversings	???	???	R 0.00	R 0.00			R 0.00
BankFooie	R 60.50	R 102.75	R 246.76	R 31.65			R 441.66
Webtuiste	???	???	R 0.00	R 0.00			R 0.00
Admin	R 250.00	???	R 0.00	R 0.00			R 250.00
Uitgawes :	**R 390.50**	R 182.75	R 22,556.76	R 2,756.65	R 300.00	R 0.00	R 26,186.66
Inkomste – Uitg	***R 2,149.50***	R 11,547.25	R-7,442.85	R-1,349.41	R-180.00	R 0.00	R 4,724.49
Banksaldo(ABSA)		R 57,617.00	R 0.00				
Banksaldo (STB)		R 500.00	R 7,726.31	R 8,257.28	R 8,377.28		
	Klipkraal	Bermanzi	Cycad=2400 AmpB=11740 SuiBF=835 StrandL=7200	Stamv=1320 AmpB=900 SuiR=355			

Die 18 Persone wat reeds hulle ledegelde betaal het tot op hede is :
Gerrie, Marius, Erika, Christo, Piet, Illizette, Phrina, Ernst, Marie, Cecilia, Irma, Anna-Marie, PaulM, Carolien, Silvia, Karin, Koos en Nick. Wilna en Jannes is ook lede. Amptelik het die klub dus 20 lede. As jy dalk betaal het en jou naam is nie hier nie, kontak my asb.

Erika, Baie dankie ook vir die proeflees en regmaak van die spel/tikfoute in hierdie nuusbrief.

Laat weet my asb wat julle spesifiek nog graag in so' 'n maandelikse nuusbriefie sal wil sien. Ek hoor graag van julle.

Groete
Marius Stander
ms@itt.za.com / 083 305 6223